Die TBK se Nuusbrief

NO 2/2010

Tradisionele Boeremusiek
klub van Suid-Afrika
Posbus 48865
HERCULES
0030

DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB
VAN S.A.

TBK Webblad: www.boeremusiek.org
TBK E-posadres: info@boeremusiek.org
Bydraes vir die nuusbrief: elsie@hypersoundandvision.com; Posbus 3036, Vanderbijlpark, 1900; Telefoon/faks 016 981 2605 – Peet van Staden

*As u sou belangstel om **Tradisionele Boeremusiek** aan te koop, dan is Sias Erasmus die regte man ... Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za*
Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekening nommer 090281062.

Na aanleiding van die skrywe oor Nico Coetzee laat weet Hendrik de Beer uit Bloemfontein van sy tye as onderwyser in die Marico Bosveld … daar was hoofsaaklik drie familiegroepe … die dasse, die skilpaaie en die meerkaaie … die Coetzee na wie Zeerust vernoem is, was Diederik Coetzee … volgens Hendrik was daar baie van Stadens in die omgewing … ook met byname soos die beursies, die krake en die krommes ... *(Dankie vir die skrywe Hendrik)*

Hier volg deel twee van oom Langpiet de Villiers se skrywe:

Die musiek-talent is ook van ma na dogter oorgedra, en Aletta Jacoba Marais (Lettie – foto regs) (vandag negentig), Jacoba se dogter, het hierdie talent by haar ma geërf.
Aletta is getroud met Quintus Marais, woon vandag in die ouetehuis op Clanwilliam, en hulle het drie kinders. Sy het haar later as verpleegster bekwaam en het ook haar slag gewys as verkoopsvrou in die sakewêreld. Maar sy was óók 'n talentvolle musikant, en dit het al begin in die dae toe sy haar ma op die kitaar begelei het. Sy vertel dat sy desjare eintlik baie graag 'n mandolien wou gehad het, maar dit was strawwe jare en daar was nie geld vir sulke luukses soos 'n mandolien nie.
Toe maak sy 'n plan, en met 'n snaarklem "verander" sy haar kitaar in 'n mandolien en op hierdie instrument kon sy oefen.
Op Kapél het sy ook 'n vriendin gehad wat wel 'n mandolien gehad het, en kuiertyd by die vriendin is benut om op die regte mandolien te speel wat sy op die kitaar-mandolien geoefen het. Só het sy aangehou tót sy haar eie mandolien kon bekostig.
In 'n gesprek in November 2008 het sy nog vertel hoe destydse jong mense hulself vermaak het. Deel daarvan was hul eie humorsin. Dit het ook sterk deurgekom in die "konserte" wat sy en haar drie broers saans gehou het.
Die temas vir die konserte was gewoonlik sommer iets wat gedurende die dag gebeur het of wat hulle oorgekom het.

- Geld kan liefde nie koop nie, maar as jy dit het, kan jy soveel beter onderhandel … onbekend -

Ná al die jare het hierdie herinneringe nog so helder by haar opgekom, dat sy so lekker daaroor gelag het dat iemand wat na haar vertelling geluister het, eintlik nie veel wys geword het oor die konserte nie. Die lekker saamlag met haar het hiervoor vergoed.
Haar eie sin vir humor, ook oor die lewe van 'n negentigjarige, het ook sterk na vore gekom toe sy vooraf gebel is om 'n afspraak te maak vir hierdie gesprek. Op 'n vraag na haar gesondheid het sy gesê: "Dit gaan nie goed nie, maar ek is darem nie sterwend nie."

As 'n mens na so iemand se stories luister, wonder jy of die moderne jong mense hoegenaamd weet hoe om hulself met humor en eie musiek te vermaak. Die indruk bestaan dat hulle só besig is dat daar net nie tyd is hiervoor nie, en dís jammer, want dis 'n leemte wat hulle nooit sal kan aanvul nie.

Naskrif.

Op navraag het prof Langpiet de Villiers, in 'n telefoniese gesprek , meegedeel dat die musiek wat sy Ouma gespeel het nie eintlik name gehad het nie en eintlik maar in hulle familie bekend was as dié of daardie musiek, wals, seties, polka of watter maatslag, wat Ouma gespeel het. Sy Pa, wat viool en mondfluitjie gespeel het, het van die musiek oorgedra as Ouma se musiek. Langpiet wat boerekonsertina en 3¾ry speel, het die meeste van die musiek onder hulle bekende name of name wat hy gegee het , op sy CD's gespeel. Die wat hy kan onthou is : Saartjie Lewie (Lanklaasseties), Sussie kom pluk blou blomme, Bruidstafelwals, Hier wil ek nie bly nie, Sandveldwals, Jan Hooglied, Verstotewals, Kommandopolka [Jan Visser], Daar galop 'n spinnekop, Stellenboschverlange en Maryke se seties. Die name is verkort bv. Daar galop 'n spinnekop – Spinnekopvastrap. Iets interessant wat prof Langpiet noem is dat as hy die Kommandopolka op sy 3¾ry speel het sy Pa altyd gesê : " Jou Ouma het dit beter op die boerekonsertina gespeel", wat dui op haar behendigheid met 'n boerekonsertina.

- Kobus Muller

Het u die gesigte herken op die voorblad van die nuusbrief? Voor van links na regs is: Christo van Wyk, Frikkie Eloff, Erik en Oupa Nap Brits, Johan Schoeman en Leon Diedericks. Agter is Jan Vosloo, Boetie van Zyl, Franswa van Aswegen, Darryl Coetzee, Stephaan van Zyl, Hannes Schoeman en oom Willie Botha.

Ons harte gaan uit na al ons vriende met wie dit nie wel gaan nie … beterskap word u toegewens en ook spoedige herstel, en as die plek van 'n geliefde leeg geraak het … gebruik die mooi herinneringe om die seer sagter te maak … en luister na wat die Man van Nasaret aanbied … Sy aanbod aan Israel, Sy kneg Jakob, wie Hy uitverkies het, dit is ook beskikbaar vir almal van ons … altyd … die vorige Nuusbriefgedagte was: "Bring dit hier vir My!" In hierdie Nuusbrief wil ons graag sê: "Moenie bang wees nie!" "Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God, Ek versterk jou … ook help Ek jou … ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand …!" - Jesaja 41:10

Ons maak verskoning vir die drukwerk-gehalte van die vorige nuusbrief … die drukkersduiwel het onse spelling en uitleg beduiwel en van ons foto's onduidelik gemaak …

Tom Adams vra dat u hom asseblief nie moet vergeet aangaande adresveranderings en/of navrae en regstellings oor aftrekorders en ledegelde nie … Tel.: 012 651 3700 / Faks: 086 672 1374 / e-pos: tomtbksa@mweb.co.za of posadres Bruarfossweg 80, Valhalla, 0185.

As daar iemand is wat asseblief vir my kan help met inligting oor oom Willie Reynierse sal ek bly wees … miskien is daar van die oom se mense of vriende met wie ek kan gesels … die oom het traporrel en ook kitaar gespeel … voordat ek by die TBK betrokke geraak het, het ek die oom by 'n buurman ontmoet …

Ek gesêls anderdag met 'n man uit Marico se wêreld … begin skoolgaan op Rietvlei-Meyers laerskool … hoërskool gemaak op Zeerust waarna hy homself bekwaam het as ambagsman … eers by Germiston Tek en daarna verder by Eskom … gebore 8 Junie 1955 … ons praat van Gys Mans, jonger broer van oom Jan Mans … twee van die knoppies van oom Jan se konsertina was nie lekker nie … Gys wat self 'n 3¾ Wheatstone het, het aangebied om te kyk of hy kan help met die moeilikheid van oom Jan se musiekmasjien … Gys het die knoppies reggemaak en in die proses meer presies oë neergesit op die binnegoed … die materiale, die samestelling en die werking daarvan … onthou net dat die klanke van 'n konsertina saam met Gys grootgeword het … oom Pieta … hulle vader, was op sigselwers 'n konsertinaspeler van formaat … so het Gys besluit om sy eie konsertina te bou … twaalf maande later het oom Jan Mans geleentheid gekry om so 'n "Gysemans" konsertina op die verhoog te speel … omdat alles nog in 'n proefneming stadium is, word verbeterings op 'n gereelde basis aangebring … baie geluk Gys … by 'n volgende geleentheid vertel ek graag meer oor die fynere samestelling van die binnegoed van so 'n konsertina …

Op die 27ste Maart het ons gaan kuier en musiekmaak by Wesrand se byeenkoms … dankie dit was lekker … ook was dit hulle AJV en is die hele bestuur weer verkies … baie geluk … baie ou vriende weer raakgeloop … bv. Tersia de Beer van Pretoria … voorwaar 'n groot ondersteuner van ons musieke … so was daar ook 'n paar nuwe en jonger musikante … saam met Tienie van Vuuren …

"As kind het boeremusiek my geweldig aangetrek. My oorlede suster Dora het vir ons kom kuier toe ons in Grootfontein (Namibië) gebly het, en haar grammofoon en plate saamgebring." So het oom Ben Low geskryf in 2003. Sy oorlede vader het plate bestel vanuit die destydse Unie van Suid-Afrika. Geleidelik soos oom Ben ouer geword het en sy verstand ontwikkel het,

het sy liefde vir hierdie tipe musiek toegeneem. Volkspele het gemaak dat oom Ben vir Lourens Aucamp leer ken het en Ds. Aucamp het oom Ben aanbeveel om by die TBK aan te sluit en so kon oom Ben sy plateversameling aanvul … nadat oom Ben vergaderings van die TBK by die Polisie Rondawels en Esselenpark bygewoon het, het daar 'n tak van die TBK aan die Wesrand die lig gesien … in die Paul Kruger saal in Krugersdorp op 17 April 1993 is die wiel aan die rol gesit … Tannie Henna Swart (foto regs) was van die Hoofbestuur geleen om te help. Dr. Ed Retief het as voorsitter opgetree en gevra vir voorstelle vir 'n voorsitter vir die nuutgestigde Wesrand tak, en die mantel het op oom Ben Low se skouers geval … die loodskomitee is ontbind … hulle was Ben Low, Henna Swart, Lourens Roetz, Piet de Jager en Dries Swanepoel. Die nuwe bestuur van die tak het soos volg daar uitgesien … Ben Low, Elsie Low, Boetie van Zyl, Dries Swanepoel, Flip Snyman, Piet de Jager en Flippie van Zyl. As seremoniemeester het Jasper Vlok opgetree en Kobie en Sophie Harmse was gasheer en gasvrou. Die orkeste van die Oudag en oom Boet Steyn en sy seuns het opgetree … Op die eerste bestuursvergadering is Elsie Low as sekretaresse gekies en Piet de Jager as penningmeester. Huidiglik is Flip en Dalene Snyman die Voorsitterspaar …

Ben & Elsie Low

Ons verstaan dat Wynand Smit die nuwe voorsitter is van die Pretoria-tak … baie geluk aan Mnr. & Mev. Smit …

'n Man kom eendag by my en vra of ek weet van 'n Gazoo … "is dit 'n motorkar?" "Iets in die lyn van 'n Goliat, Henry J of 'n Wartburg", wou ek weet … "Nee man, dit is 'n musiekinstrument, soort van 'n geimproviseerde stuk musiek gereedskap" en Piet Smit van Viljoenskroon haal die kontrepsie uit sy hempsak. Toe onthou ek die kam met die blinkpapier … Piet Smit en neef Kühn *(sien foto regs)* het in die Stadsaal van Vereeniging vir ons kom Gazoo musiek maak … Johann Botha in die orkes van Willie en sy musikante maak nog per geleentheid van 'n gazoo gebruik. :

Neem asseblief kennis dat daar volgens die Grondwet met betrekking tot Ledegelde slegs ses maande grasietyd verleen gaan word aan agterstallige ledegelde … daarna word die lidmaatskap beëindig en kan die lid weer aansluit met 'n nuwe nommer.

Skrywe ontvang van oom Wilhelm Schultz … (dankie oom) … dit gaan oor ‘n boek wat onlangs in Amerika verskyn het oor die boerekonsertina … of dan die Anglo-Duitse konsertina. Die skrywer is Dan M. Worral. Die titel: The Anglo-German Concertina, 2009. Uitgewer: Concertina Press, Fulshear, Texas, USA. Verspreider: Amazon Books … Prys nie vermeld. Die boek in ‘n A-4 grootte, is uitgegee in twee dele: Deel 1, 321 bladsye, Deel 2, 271 bladsye … indien iemand sou belangstel, kontak asseblief oom Wilhelm ... Tel 012 335 8526. e-pos: wschultz@absamail.co.za. Daar is meer as 440 illustrasies, kaarte en foto’s in die boek …

Ek verstaan Stephaan en Danie en nog ander het saam met Fred van Zyl se Dansgroep by die KKNK gaan optree … mooi so! vir ons kultuur erfenisse.

In Januarie 1996 het Neels Claasen die program “Waenhuis-klanke” op Radio Volkstem (tans Radio Panorama) begin aanbied. Dit was ‘n Boeremusiekprogram wat groot byval gevind het. Van vroeg af was die vraag gevra of daar nie ‘n Boeremusiekklub in die Goudveld tot stand gebring kan word nie. Neels het gevoel dat so ‘n klub onder die vaandel van die TBK tot stand moet kom. Die Nasionale Voorsitter is genader en op 21 Januarie 1997 is die Goudveldtak van die TBK in die Tikwe Lodge op Virginia gestig en op 22 Februarie 1997 is die eerste saamtrek gehou onder aanvoering van die volgende bestuur:

Voorsitter: Neels Claasen; O/Voorsitter: Basie Myburgh
Tesourier: Corrie Myburgh
Sekretaresse: Suzette Swart
Addisionele lede: Peet Swart, Hannes Burke, Louis Botha

Met ‘n volgende verkiesing het die bestuur verander en toe so gelyk:
Van links na regs: Hennie Ferreira (voorsitter), Erika Jakobs (Add lid), Gertjie Jacobs (Add lid), Leonor Ferreira (Penning-meester), Oom Louis Botha (Add lid), Martie Buchler (Sekretaresse), Oom Hannes Burke (Add lid), Neels Claasen (O/voorsitter)
Die huidige voorsitterspaar van die Goudveldtak is Hennie en Leonor Ferreira. *(Foto bo regs)*
Dit is darem wonderbaarlik hoe dinge in plek kan val … verbasend … so met my soeke rondom ons pionierorkeste en musikante het ek met my gerondbellery ‘n paar keer gehoor van ‘n musikant Willie Engelbrecht … in Noord-Transvaal se wêreld … tussen 78-spoed plate kom ek af op ‘n Pêrel plaat … Gerhardus se Vastrap / Boabab … die komponis is W. Engelbrecht …

my nuuskierigheid word verder geprikkel toe ek ‘n 45-spoed solus sewe plaatjie raakloop waarop die musikante aangegee word as W. Engelbrecht en sy orkes … Danie Grey vertel my van ‘n oom wat mooi Tradisionele Boeremusiek al sy lewe gespeel het, ook op sy 80ste verjaarsdag. Ek ontvang van die oom se dogter Debbie ‘n kort geskrewe lewenskets, ‘n CD van die musiek wat hulle met die verjaarsdag opgeneem het, en ‘n foto waar die oom sit en speel … en sy kitaarspeler is Willie Engelbrecht … VERBASEND …

BAREND JOHANNES VAN DER WALT

Oom Baan van der Walt is gebore op 21 Augustus 1911 op die plaas Napier op die Springbokvlakte. Hy was die derde oudste kind van Francois en Debore vd Walt. Hy was die eerste blanke kind van permanente blanke inwoners wat op die Vlakte gebore is. Hy was met Anna vd Walt (Engelbrecht) getroud, en hulle het saam vyf kinders gehad. Hy het sy eerste konsertina by “Cabe & Magee” vir 10 Guinnees gekoop (dit is £10/10/ - tien pond 10sjielings, of dan overgesetsynde R21.00). Die geld waarmee hy die konsertina gekoop het, het hy verdien deur springkane te spuit. Hy het ook kitaar, banjo, mondfluitjie, traporrel en klavier gespeel. Die orrel is vandag in sy dogter, Debbie, se besit. Die orrel kom oorspronklik uit die Groote Kerk in Kaapstad. Oom Baan was baie bekend vir sy tradisionele boeremusiek en hy het gereeld by funksies opgetree. Sy swaers, nl. Koos, Willie, Flippie en skoonpa Flippie Engelbrecht, het gewoonlik saam met hom opgetree. Sy vrou, tannie Anna, was ook baie musikaal en het ook gereeld saam met hom kitaar gespeel. Oom Baan is op 2 Julie 1993 oorlede en sy vrou op 12 Junie 2006. – ***(Dankie Danie en Debbie – Red.)***



Oom Baan **Willie Engelbrecht**

Uit Durbanville het ons skrywe ontvang van oom Dominee Freek Serfontein …

Liewe TBK-vriende

Ek sou my die lewe sonder die wonder van musiek nie kon voorstel nie.

Luister ek na pragtige klassieke- en operamusiek, dan roer dit iets hierbinne my. As dit mooi kerkmusiek waarna ek luister, dan praat dit met my en dank ek die Here dat ek dit so kan beleef Dis egter nie anders wanneer ek na tradisionele boeremusiek luister nie. Vir my is daar iets in die klank van die konsertina en die kitaar, die banjo en die bekfluitjie, die traporrel en die tjello- wat ek met die beste wil ter wêreld nie kan ignoreer nie. Dis musiek wat met my praat of ek by die huis is of op pad is. Of ek alleen is of tussen mense wat dit saam met my kan geniet en waardeer.

Met die skrywe wil ek vir al die musikante van die TBK baie dankie sê vir die eindelose plesier wat julle vir ons verskaf. Ons ouens wat net ‘n CD kan speel, is julle groot dank verskuldig vir

- ‘n Baba het die manier om ‘n man van sy pa te maak, en ‘n seun van sy oupa … Angie Papadakis -

die voorreg om julle talent in ons motors en huise te kan geniet. ‘n Lang pad is vir my net anders as ek, tussen die ander musieke deur, ook na tradisionele boeremusiek kan luister. En wanneer ek oor naweke ‘n vleisie oor die kole gooi, is dit net of daar iets kort as ek nie ‘n stukkie boeremusiek ook in die braaikamer inbring nie.

Die jongste vrystelling van die TBK wat ek gekry het, is ‘n dubbelalbum met die paslike naam: “Versamelgoed 1”. Dit is ‘n uitstekende versameling van egte, tradisionele boeremusiek. Dit word deur verskillende orkeste en musikante meesterlik uitgevoer. Die gevolg is dat daar ‘n interessante verskeidenheid musiekstyle op die twee CD’s aangetref word. Baie dankie aan almal wat die uitstaande dubbelalbum moontlik gemaak het. Daarmee saam wil ek van harte aan al die verskillende TBK-takke baie dankie sê vir julle volgehoue pogings om tradisionele boeremusiek te bly bewaar en bevorder. Ek dink sommer baie aan die groot geskenk wat ons ontvang het toe daar ‘n organisasie gestig is wat hierdie kosbare herinneringe uit die verre verlede vir ons bewaar.

Toe ek verlede week weer die bekende koevert van die TBK tussen die ander pos sien, weet ek: dis nou tyd om net ‘n slag ‘n brief te skryf om dankie te sê. Dankie vir die nuusbriewe wat oor die jare van naam en redakteurs verander het. Wat nie verander het nie, is die harde werk agter die skerms en daarvoor sê ek hartlik dankie!

Ek geniet alles wat vir ons opgedis word. Dis lekker om van die takke se doen en late te lees, nuus oor musiekmakers, interessante inligting oor die herkoms van ‘n nommertjie ens. Wat natuurlik altyd sleg is, is dit om te lees van iemand wat afgesterf het. Ek bid maar gewoonlik vir diesulkes se familie, selfs al ken ek die mense nie. Ek wonder ook meesal hoe mense voel wat saam met ‘n afgestorwene musiek gemaak het .....

Jare gelede was ek een Vrydagaand op ‘n TBK-saamtrek in Bellville. Dit was ‘n gesellige en genoeglike aand waarin ons heerlik gekuier en na wonderlike musiek geluister het. Daar was ‘n klomp musiekmakers maar die orkes van Brian Nieuwoudt het die aand voorgevat. In die orkes was ‘n banjospeler wat op ‘n stadium ook saam met Nico van Wyk gespeel het. Dit was Hugo Rotter. Om te sê dat hy as banjospeler enige orkes se standaard met ‘n paar kerwe kon lig, is nie oordrywing nie.

Marius Louw was die aand ook daar en Louis Hurter, ons voorsitter, het hom later die aand kom vra of hy nie ook ‘n paar nommertjies wil speel nie. Ek sien nou nog met my geestesoog hoe dat hy na Hugo stap en vra of hy nie asb saam sal speel nie. Hugo, wat op daardie stadium nog nie blaaskans gehad het nie, stem glimlaggend in. En ons ouens wat niks kan bespeel nie, drink die musieke wat die musikante optower, in. Die wat nie Hallelujavoete het nie, dans so lekker dat ek nie kan help om te wonder oor die kerk wat in die ou dae ‘n verkeerdmerkie agter die soort tydverdryf geplaas het nie.

Die Sondagaand lui die telefoon. Dis Brian wat die ongelooflike nuus oordra dat Hugo die oggend aan ‘n hartaanval oorlede is. Ek het baie gesukkel om aan die gedagte gewoond te raak dat die man wat die Vrydagaand ons nog so vermaak het, nie meer daar is nie.

By sy begrafnis later die week, loop ek sy oom Stompie Heyns van die Baardskeerdersbos-orkes raak. Dis darem self ‘n man wat nie onhandig met ‘n banjo is nie. Ek vra hom of dit hy is wat vir Hugo so uitsonderlik leer speel het. Toe vertel hy hoe dat Hugo as klein seuntjie onder die tafel gesit en hom dop gehou het as hy banjo speel. Maar ek onthou ook sy volgende woorde: “vir so ‘n klas musikant hoef jy nie te probeer leer nie. Jy wys hom net die drukke en die res werk hy vir homself uit.”

Ek sal vir Hugo Rotter nooit kan vergeet nie. Wanneer ek na van my CD's luister waarop hy speel, voel ek altyd lus om op te staan. Hy was 'n meester. Wens so dat ek nog net eenkeer vir hom kan sê: "dankie Hugo, vir jou briljante banjospel."
Nou ja daar is nog 'n klomp van julle wat net sulke wonderlike musiekmakers is. Terwyl ek dit nog kan sê en julle dit nog kan lees: baie dankie vir al julle opofferinge om die musiek wat so diep in my hart kom nesskop het, op CD's te sit. Julle sal nie weet watter plesier julle my verskaf nie. En dankie dat julle soveel moeite doen om die musiek te speel soos dit deur ons voorgeslagte gespeel is. Dit maak dit net anders en soveel meer besonders.
Vriendelike TBK-groete
Freek Serfontein - ***(Oom Dominee, vreeslik dankie vir die mooi in die skrywe – Red)***

Kennisgewing geskied hiermee dat die AJV van die TBK om 15:00 (3nm) op die 2de Oktober 2010 in die skoolsaal van die Hoërskool FH Odendaal, Baviaanspoortweg, East Lynne, Pretoria sal plaasvind. Indien u enige punte vir bespreking op die agenda, onder Algemeen, wil plaas, stuur dit asseblief aan Stephaan van Zyl, Posbus 2918, Faerie Glen, 0043, om hom ten minste drie (3) weke voor die AJV te bereik … m.a.w. nie later as 11 September 2010 nie. Geen besprekingspunt sal op die dag van die AJV op die agenda geplaas word nie … baie dankie vir u samewerking.

U word ook daaraan herinner dat stembriefies slegs aan lede uitgereik sal word indien die lid se ledegelde op datum is, en die stembriefies sal ook die enigste manier wees om 'n stem uit te bring.

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

Notules van die AJV van die TBK gehou op 3 Oktober 2009 in die skoolsaal van die FH Odendaal Hoërskool.

(vlnr: Stephaan van Zyl, Helena Fourie, Dr Ed Retief, Rina Sandilands & Sam Keyter)

In die teenwoordigheid van ± 250 mense in die stadsaal van Irene, is die Pretoria tak van die TBK van SA gestig op 19 Augustus 1989. Dieselfde tyd het Gerda du Plessis se plate-verkoopplek die naam gekry van "Gerda se Platekaia", 'n taak wat sy en haar man Doep met oorgawe gedoen het vir 'n baie lang tyd … 'n Fransman uit Frankryk, Prof. Faubert, was ook die aand teenwoordig … oom Mike Lotter se kleinkinders Leane en Werner het ook kom konsertina speel … so ook Annemarie Godfrey van Lichtenburg.

Met Hugo Radley as begeleier en Danie Grey en Sam Keyter wat die pedale met die hand gepomp het, het tannie Carolina Leeson die traporrel lustig laat gesels … tannie Carolina was die laaste oorlewende lid van die Vastrappers Orkes wat opnames rondom 1930 gemaak het … Die aand was daar bestuur gekies en het so daar uitgesien: Oom Dr Ed Retief – Voorsitter, Helena Fourie – Sekretaresse, Rina Sandilands – Penningmeester(es), Stephaan van Zyl – Musiek, Sam Keyter – Spyseniering. Byeenkomste het in die Kentron saal plaasgevind … op die 3de Maart die volgende jaar, is daar weer bestur gekies … Oom Dr Ed Retief, Rina Sandilands, Helena Fourie, Stephaan van Zyl, Sam Keyter, Tom Adams asook Roelie en Magdaleen Scheepers.

Op 25 Mei 1981 is Tom Adams *(foto bo regs)* gekies as voorsitter van die Pretoria Tak … in die Kentron saal … hierdie taak het Tom met onderskeiding uitgevoer vir ± 16 jaar waarna Charles Ellis oorgeneem het en huidiglik is Wynand Smit die voorsitter. (***Met dank aan die Vastrapper/Opskommel – Red)***



vlnr: Danie Erasmus, Piet Bester, Manie Bodenstein, Kalie de Jager en Jimmy Henning (inlas)

Gedurende 1980 het oom Piet Bester gekuier by oom Hannes Viljoen, konsertinabouer en so verneem dat 'n vriend van oom Hannes, ene Hannes Ernst, die graf van oom Faan Harris ontdek het … sonder 'n steen. Oom Piet en Kalie de Jager het koppe bymekaar gesit, hulle was altwee in Newcastle, en ook gesels met ooms Manie Bodenstein, Jimmy Henning en Danie Erasmus van

die SAUK. Daar is besluit om ‘n klub te stig en ‘n grondwet is opgestel deur oom Piet, Kol. Jaap Burger en Kalie de Jager … so is die Konsertinaklub van SA gestig op 12 Maart 1981 in die Kantore van die SAUK. Voorsitter – Manie Bodenstein, Penningmeester – Kalie de Jager, Sekretaris – Piet Bester en addisionele lede Jimmy Henning en Danie Erasmus. Op die 12de Maart 1983 was ‘n mosie voorgelê om die naam te kon verander, maar die mosie is verwerp … In 1995 is die naamsverandering weer bespreek en toe verander na die Tradisionele Boeremusiekklub van SA. Die gekose bestuur was Lourens Aucamp voorsitter, Piet Bester – Sekretaris, Jasper Vlok – Penningmeester en addisionele lede Danie Labuschagne, Charles Ellis en Stephaan van Zyl.

Die eerste Konsertinaklub van SA is op Pietersburg gestig op 21 Maart 1977 … op aandrang van Kosie Landman (foto regs) van die SAUK … oom Piet was by Kosie Landman vir ‘n onderhoud. Tydens hierdie gebeurtenis was daar 12 mense teenwoordig … Ds Lourens Aucamp, Koos en Mev. Odendaal, oom Theuns Botha en sy gade, Corrie Badenhorst en sy vrou en nog ‘n paar vriende. Die bestuur het so gelyk: P Bester – voorsitter, Ds Aucamp – Sekretaris, Mev Jordaan en Koos Odendaal – addisionele lede.

Vroeg in 1978 is oom Piet gevra om musiek oor die lug te maak in die SAUK se program Konsertinaklub … die eerste stukkie musiek was “Oom Faan se Vastrap” en die orkes het so gelyk: Konsertina – oom Piet Bester, Kitare – Toeks en Naas Gerber (seuns van oom willie Gerber), Banjo – Corrie Badenhorst, Bas – Willie Brandt.

In 1975 bevind Ds Lourens Aucamp (foto links) hom in Pietersburg … daar ontdek die SAUK hom. Hy lewer praatjies oor sy versameling boeremusiek plate en bied ‘n baie gewilde program “Toeka se Treffers” aan. So ontmoet hy ook vir ooms Piet Bester, Theuns Botha en Corrie Badenhorst. In 1981 was oom Piet, ‘n medestigter van die Konsertinaklub van SA wat later die Tradisionele Boeremusiekklub van SA geword het …

Op die vergadering gehou op 24/4/2010 by Oosrand tak op Boksburg is daar belowe dat 3 laserskywe in die pyplyn is … Potjiekos no 4; Willie Badenhorst en sy Orkes; Hannes Viljoen en sy Orkes en dan gaan daar nog 400 van Versamelgoed no 2 gedruk word. Oor die 4de laserskyf sal nog besluit word.

Onderhandelinge is nog steeds aan die gang met betrekking tot die webwerf.

Radio Rosestad saai nog net uit tot 26 Mei 2010, dan verhuis Jasper Vlok na die Kaap. ***(Ek dink Hendrik de Beer gaan nog aan met die program – Red.)***

- Ek probeer om nie te ver vorentoe of agtertoe te kyk nie … maar ek kyk altyd op …
Charlotte Bronté -

Die logo van die TBK gaan geregistreer word.

In die saal van Gerrie Bothma het nagenoeg 350 mense meegemaak in die stigting van die Vaalharts tak van die TBK van SA op 11 April 1987. Twee erelede, naamlik oom Hannes Viljoen en Mev. L Henning was teenwoordig. Eregaste wat opgedaag het was oom Piet Bester, Hans Bothma asook Gerhard en Hannelie Meyer. Ses en twintig musikante het groepe gevorm en musiek gemaak. Die jongste, 12 jaar oud, was Sarel du Plessis van Warrenton, die oudste oom Paul Bester van Wolmaransstad. Die bestuur wat die dag gekies was … Oom Ben Bester – Voorsitter, Mnr D Hecter – Sekretaris, Mnr Hannes Malan – Penningmeester … ander lede van die bestuur was George Oosthuizen, At Enslin, Neels du Toit, Gerrie Bothma, Johanna en Josef Uys, Fanie du Plessis en Dries van Wyk. Na die afsterwe van oom Ben Bester, het Dries van Wyk die voorsitterstoel ingeneem. ***(Met dank aan die die Vastrapper/Opskommel – Red)***

Oom Piet Bester en Kalie de Jager, Hans en Wilma Bothma en Stephaan van Zyl was gaste tydens die stigting van die Rustenburg Tak van die TBK van SA op die 4de Maart 1989. Die gekose bestuur het bestaan uit Mnr Jannie Nel as die voorsitter, Dr CJ vd Bergh – ondervoorsitter en Mnr Loots en sy verloofde wat ook op die bestuur gedien het. Saam met oom Piet Bester en Diek Brits het Gert Ross (Rossouw) van begeleiding voorsien.

Fienie Meiring (skrywe deur Piet de Jager)

Nadat ek ‘n telefoon oproep van Martin Dorfling ontvang het, het ek besluit om dit op te volg.

Op 18 Maart 2010 het ek en my wederhelf mev. Fienie Meiring gaan besoek in Farie Glenn, Pretoria waar sy saam met haar dogter woon.

Mev. Fienie Meiring (gebore Steynberg) is op 25-06-1925 op Rouxville in die Vrystaat gebore en is tans 84 jaar jonk.

Gedurende 1943 terwyl sy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het, maak sy kennis met oom Pietie le Roux en sy Stellenbosch Boereorkes wat reeds in 1933 sy ontstaan gehad het. Toe oom Pietie verneem dat sy baie musikaal is en die viool kon bespeel het hy haar dadelik by sy boereorkes ingesluit. Sy en ‘n vriendin wat saam studeer het ,het tydens optredes ‘n duet op die viool te lewer. Sy sê dat sy baie graag vandag weer die regte musieksaag wil bespeel indien sy een kan raakloop. Dit was glo baie in oom Pietie se orkes gebruik. Na haar troue in1949 met Albertus Meiring het hulle verhuis na die destydse Noord Rhodesië waar haar man sy eie staal onderneming gehad het. Na politieke onrus gedurende 1958 het hulle na Suid-

- Waar jy jouself nóú bevind is nie so belangrik nie, wat saak maak, is waarheen jy op pad is … Oliver Holmes)

Afrika terug gekeer. Uit die huwelik is sewe kinders gebore vaarvan ses nog lewe. Sy vertel ook dat twee van haar kleinkinders in Amerika gaan deelgeneem het aan ‘n sang kompetisie. Albert, 9 jaar oud is gekroon as die wereld kampioen in sy ouderdomsgroep. Sy suster wat 12 jaar is het ook ‘n goue medalje verwerf tydens dieselfde optrede. Voorwaar ‘n prestasie. Mev. Meiring dra haar talent nog steeds uit deur te dig. Daar veskyn in die twintig van haar gedigte in die Genootskap van Handhawing van Afrikaans (GHA)

Wat ‘n voorreg en plesier was dit nie om met haar kennis te maak en ‘n gesprek te kon voer nie. Baie dankie Tannie Fienie.

Die Volmaakte Skepper

Wat is die mens?
‘n Weinig minder as engele gemaak,
al is jy geskep uit stof van die aarde.
Ook oortref hy die natuur
By verre in waarde.

Alleen die mens is geskep deur God’s hand
En het sy asem ontvang
met ‘n liefdesband.
Die natuur is geskep
Deur sy mond met ‘n word
en in almal se belang
voeg Hy soort by soort.

Het jy opgelet
dat die lemoen ‘n onderbaadjie het?
Dit waak oor sy sap.
Die doringop die stam van die roos
beskerm haar, want sy is broos.
Op ‘n snikhete somersdag
as jy verlang na die koelte van die nag
word die hittte van die son toegevou
in ‘n kleed wat die wolke oor hom hou.
Kyk maar na die maan:
hy verlig die nag se donker
terwyl die sterre knipoog en folker.

Voor Sy grootheid staan ons stom.
Hy het alles in die heelal gemaak;
alles behoort aan Hom.
Hy sal sy handewerk nooit versaak.

Wie is Hy?
Die volmaakte Pottebakker,
Die groot Ek is…
Die Redder van my siel – gewis.

Nuus vanaf die Wes Rand tak

Dagsê alle Boeremusiek vriende.
Die drie byeenkomste wat ons vanjaar aangebied het was goed bygewoon. Die bestuur van die Wesrand se reëlings is puik en daarby die musikante en ons ondersteuners maak dat elke byeenkoms suksesvol is. Die Fourie Broers, Die Joostes, Robbie Holm, Mario du Plessis, Die Musiekmakers, Stephaan v Zyl, Die Barnards, Hennie Venter en sy manne, Die Kliplanders van Lichtenburg en nog ander los musikante het die vorige byeenkomste vir goeie musiek gesorg wat ons baie geniet het en is dankbaar vir hulle bydrae's tot die TBK se sukses.
Baie geluk aan die Mooiplaas Orkes wat benoem was vir 'n SAMA toekenning en die ander orkeste wat pragtige cd's gemaak het.
Die winter het in alle erns op ons toegesak, maar ons weet dit is sy tyd en hou maar 'n lae profiel. Aangesien dit die laaste nuusbrief van die jaar is wil ons alle musikante en ondersteuners herinner dat ons nog twee byeenkomste vir die jaar het.
Die 28 ste Augustus en dan ons laaste een vir die jaar op die 27 ste November, albei in die Witpoortjie ontspanning sentrum te Suidweg Roodepoort. Ons nooi u almal uit om die TBK te kom ondersteun indie uitvoering sy doelstelling.
Datums vir 2011 is as volg: 29 Januarie, 2 April, 28 Mei, 3 Sept en 3 Des.
Groete uit 'n koue Krugersdorp.
Flip Snyman

Debietorder stelsel soos voorgestel en aanvaar deur TBK Hoofbestuur op 16 Januarie 2010

Debietorder stelsel
Die stelsel moes noodwendig hersien word om voorsiening te maak vir die ontwikkeling in die tegnologie wat ons gebruik om ons musiek te speel. Plate en kassetspelers is 'n vervloë verskynsel en ons musiek is nou op CD beskikbaar wat ook bydra tot verhoogde kostes. Posgeld het ook dramaties verhoog sedert die instelling van die debiet/aftrekorderstelsel jare gelede. Tot nou toe het die TBK die verhogings absorbeer, maar dit moes nou hersien word. Die vorige keuses van debiet/aftrekorders word hersien en daar sal net **vier** opsies wees. Lede se debiet orders van R10,R12,R15 sal verhoog word na R16 en R20 d/o verhoog na R22. Persone wat R25 bydra (behalwe 'n paar oudstryders) sal verhoog word na R30 en sal dan drie CD's per jaar ontvang. Die debiet/aftrekorders van R30 en R35 bly onveranderd.
Debiet en aftrekorder keuses sluit in:
1) **R16-00 p/m**. Ledegeld van R75-00 vir die jaar, nuusbriewe,verjaarsdagkaartjie plus een CD
2) **R22-00 p/m**. Ledegeld van R75-00 vir die jaar, nuusbriewe,verjaarsdagkaartjie plus twee CD's

3) **R30-00 p/m** Ledegeld van R75-00 vir die jaar, nuusbriewe,verjaarsdagkaartjie plus drie CD's

4) **R35-00 p/m**. Ledegeld van R75-00 vir die jaar, nuusbriewe,verjaarsdagkaartjie plus vier CD's.

Versending: Om posgeld in toom te hou, sal CD's slegs by twee geleenthede per jaar versend word. Dit sal meebring dat lede soms meer as een CD per geleentheid sal ontvang. Posgeld en versekering is by bostaande bedrae ingesluit.

Vir lede sonder debiet of aftrekorders is R75-00 ledegeld jaarliks betaalbaar op aansluitings datum.

L W. Lede wat langer as 6 maande agterstallig is, sal volgens die grondwet soos in artikel 9.2. vervat sy lidmaatskap outomaties verbeur.

Regstellings sal outomaties op huidige debietorders gedoen word deur multi-data met ingang 1 Augustus 2010.

Persone wat aftrekorders het moet dit asb. self aanpas.

Alle R10, R12, R15 aftrekorders moet verhoog word na R16. Aftrekorders van R20 moet verhoog word na R22**.** Persone wat R25 bydrae sal verhopog word na R30 en sal dan drie CD's per jaar ontvang. **Slegs lede met aftrekorders moet asb. self aanpassings by banke doen**. Indien nie, sal hulle slegs 'n CD ontvang nadat hulle fondse opgebou het, wat hulle dan laat kwalifiseer vir 'n CD.

L.W. Nuwe debietordermagtigings moet die TBK twee weke voor die datum waarop dit in werking moet tree bereik om alle reëlings betyds te kan afhandel.

Oudstryders:

Dit is vir ons 'n baie hartseer saak, maar bestuur moes eenvoudig die volgende besluit neem. Volgens ons data lys soos op 13/07/2010 is daar tans 152 oudstryders wat nie ledegeld betaal nie. Dit kos die TBK ongeveer R30-00 per jaar per oudstryder aan twee nuusbriewe en 'n verjaarsdag kaartjie. Sou ons 'n sommetjie maak van R30x152 = R4560-00 wat dit die TBK kos aan korrespondensie aan persone wat nie meer ledegeld betaal nie. Vir die TBK wat nie so groot organisasie is nie om sulke verliese te absorbeer is net nie moontlik nie. Daar is wel deur bestruur besluit om nog vir die jaar die laaste nuusbrief te stuur en dit so aan u te verduidelik. Indien van die oudstryders wel bogenoemde korrespondensie wil ontvang sal slegs aan sulkes gestuur word wat jaaliks aan die begin van die jaar 'n bydrae van R30-00 per jaar aan die TBK sal stuur.

Enige navrae of korrespondensie kan gerig word aan:

Die Tradisionele Boeremusiekklub van S.A.
Posbus 48865
Hercules
0030

Rondom ± 1995 het ons die voorreg gehad om oom Jan Brits te kon nooi na 'n byeenkoms … die oom het in Vereeniging gebly en na 'n besoek aldaar het die oom saam met Boetie van Zyl en Gert Jooste vir ons kom musiek maak … oom Jan is die middelste musikant.

Kallie van der Merwe, wat sy 1ste viool by ‘n plaaswerker geruil het vir sy dikwielfiets met al die “trimmings” aan en toe by sy pa in die sop was daaroor, was lief om die publiek te trakteer op sy vermoë om die viool onderstebo te speel … gelukkig het die wysie steeds regop uitgekom …

Oom Dirkie Uys en sy orkes het ook kom musiek maak … die oom was erg musieklik … ook met ander instrumente en het nadat hy beroerte gehad het, weer beginne speel alhoewel hy nie die volle gebruik van sy een hand gehad het nie … merkwaardig. Die man verste links se naam kan ek nie onthou nie, maar Jan Pretorius, Dawid Fourie, oom Dirkie, Leslie Kuneke en Gert Jooste kan ek onthou … oom Dirkie het baie van sy wysies self gekomponeer … (***- uit my foto-album – Red.)***

Aan almal wat bygedra het om die Nuusbrief die lig te laat sien … baie dankie … Geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar voorspoedig wees … kyk asseblief mooi na uself … Van die Bestuur van die Vaaldriehoektak en al die helpers … Baie dankie aan Meisiekind vir haar hulp met die Nuusbrief

Kersfees en Nuwejaars boodskap

Dit voel vir my soos gister toe ons mekaar ‘n geseënde feestyd toegewens het. Die jaar is al verby halfpad en snel voort na sy einde. Vir my is dit dan ‘n besondere voorreg om vir elkeen van ons boeremusiek vriende hiermee baie dankie te sê vir al die vriendelikheid, hulp en samewerking wat die TBK deur die jare van u ontvang het. Vir ons boeremusiek vriende wat vêr bly en selde of nooit ‘n byeenkoms bywoon, baie dankie dat u tradisionele boeremusiek ondersteun

Mag u ‘n geseënde kerstyd beleef en 2011 net voorspoed vir u sal inhou. Kom ons streef na ons drome en dat dit sal bewaarheid word.

Dankie aan die huidige bestuur se samewerking die afgelope jaar en aan die nuwe bestuur wat gekies sal word met die jaarvergadering, mag u genade en wysheid van GOD ontvang om die TBK suksevol te kan bestuur.

Nasionale Voorsitter - Flip Snyman

- Moenie sê: ‘dis bokant my vuurmaakplek” nie. Maak jou vuurplek hoër op…Freda Linde